

Jesaja 27:1-13

God herstel sy wingerd om vrug te dra tot sy eer

Inleiding:

- Jesaja is een van die bekendste groot profete in die Ou Testament.
 - Dit is ook die boek wat die meeste aangehaal word in die Nuwe Testament.
- Die oorhoofse tema van die boek Jesaja is om die troos van die Here te verkondig selfs in tye van beproewing.
 - Dit word baie duidelik gemaak as ons kyk na die omstandighede van die volk tydens die skryf van die boek Jesaja.
- Die volk soos ons Israel ken, volhard in die sonde.
 - God roep en stuur telkens profete om die volk op te roep om te bekeer, maar dit val op dowe ore.
 - Dan tref die ballingskap.
 - God voer die volk weg in ballingskap.
 - Hulle woon in 'n vreemde land, met 'n vreemde taal en vreemde kultuur en vreemde godsdiens.
- Maar deur al hierdie gebeure sien ons deurlopend die troos en hoop dat God steeds sy volk sal versamel.
 - Hy gaan hulle gaan haal in die uithoeke van die wêreld.
 - En hulle sal wer aanbid by die heilige berg – Sion.
- In 'n neutedop is dit dan die opsomming van die boek Jesaja.
 - Dit klink heel eenvoudig.
 - Maar wanneer ons dieper delf in die teks sien ons die troos en hoop van die Messias wat gaan kom.
 - Die dienskneg van die Here wat redding gaan bring vir die uitverkore kinders van God.
- Om Jesaja 27 te kan verstaan, moet ons eers terugblaai na Jesaja 5.
 - In Jesaja 5, gaan lees gerus die hele hoofstuk later by die huis, sien ons hoe die Here omsien na sy wingerd.
 - Hy versorg die wingerd in die fynste detail.
 - Hy bewaar hom en lei hom nat en bemes en snoei, maar as die vrug verskyn is die druiwe suur en kan daar nie wyn gemaak word nie.

- Die enigste oplossing is om die wingerd te vernietig en van voor af te begin.
 - Maar dit is nie die gedagte wat Jesaja 27 by ons wil vasmaak nie.
 - God herstel sy wingerd om vrug te dra tot sy eer
 - God se herstel bevestig sy oorwinning
 - God herstel sy wingerd en eis bekering
 - Vereer dan die Eienaar van die wingerd en dra vrug tot sy eer

God se herstel bevestig sy oorwinning

- God se almag word deurlopend bevestig
 - Jesaja 27 begin nie by die wingerd nie.
 - Hy begin by God.
 - Hier word dit dadelik bevestig dat dit nie hier oor my en jou gaan nie.
 - Dit gaan oor God.
 - Dit begin en eindig by die Here.
 - Sy almag word hier in vers 1 reeds beklemtoon!
 - Met sy groot swaard oorwin Hy die Leviatan.
 - Die Leviatan was 'n mitologiese gedierte in Babiloniese mitologie.
 - Dit was 'n draakagtige dier met verskillende koppe wat vuur gespoeg het en geen mens kon met spies of swaard sy vel penetreer nie.
 - Hierdie denkbeldige dier word in hierdie gedeelte van Jesaja 27 gebruik as 'n metafoor vir Babel.
 - Babel is in hierdie tyd waarin Jesaja afspeel, een van die grootste wêreldmagte.
 - Geen volk het kans gesien vir oorlog teen Babel, want menslik gesproke kon geen volk hierdie bloeddorstige nasie oorwin nie.
 - Hy oorwin dit wat die mens nie kan oorwin nie
 - Maar soos die beeld van die Leviatan, oorwin God dit wat vir die mens onmoontlik lyk.
 - Met sy swaard vermorsel Hy die dier in die see, soos wat Hy ook verseker dat die volk Babel oorwin word.
 - Hy oorwin die bese magte
 - God behaal die oorwinning oor die bese.
 - Daar is geen mag groter as God nie.
 - Hier bevestig God dat Hy die oorwinnaar is van al die bese.
 - In hierdie oorwinning oor die Leviatan, die stad Babel, sien ons reeds die vooruitskouing op Jesus Christus wat die bese finaal gaan oorwin, en begin die hoop en troos reeds deurbreek vir 'n volk wat hopeloos en platgeslaan is.
 - Hy oorwin en laat sy kinders daarin deel.

- Wanneer God sy oorwinning oor die bese bevestig, word daar weer terugverwys na Jesaja 5 se wingerd.
 - God se volk, die wingerd wat byna vernietig is, het hoop.
 - God belowe dat daar herstel sal kom vir die wingerd wat sy eiendom is.

God herstel die wingerd

- God belowe dat Hy sy volk sal herstel na die ballingskap
 - Jesaja vertel weer die beeld van 'n wingerd wat versorg word soos in Jesaja 5, maar in vers 4 se tweede gedeelte word daar duidelik gesê, dat God sy wingerd sal plattrap soos in 'n tyd van oorlog en hom heeltemaal verbrand.
 - Maar deur die wingerd te vertrap en alles te verbrand lyk dit of die wingerd heeltemaal vernietig word.
 - Die deel van die wingerd onder die grond, die wortelstelsel, is nog daar.
 - Daar is nog hoop.
 - Hy sien sy volk as die wingerd waarvan Hy die eienaar is.
 - Die volk wat aan God behoort, die wingerd wat aan sy eienaar behoort, word nie as geheel vernietig nie.
 - Die wingerd word gereinig.
 - Hy word skoongemaak.
 - Al die takke wat verantwoordelik is vir die suur druiwe word afgesny en die vuur gegooi.
 - Maar die hoop word gegee in vers 6.
 - *In die dae wat kom sal Jakob wortel skiet, Israel sal groei en lote maak. Die aarde sal vol word van hulle vrugte.*
 - Die wingerd wat uitgeruk is sal weer wortelskiet.
 - Daar sal weer groei kan wees.
 - Daar sal weer herstel en genesing wees.
 - In vers 7 verkondig Jesaja dat God nie sy volk vernietig soos Hy Babel vernietig nie.
 - Hy het sy volk nie uitgewis en uitgeroei nie.
 - Hy het sy volk gereinig.
 - Hy het sy volk weer opgeroep om te bekeer, om terug te draai.
 - En God sê dit nie net vaag nie.
 - Hy maak dit baie duidelik.
 - Jakob moet breek van sy afgode.
 - Hy moet die hoogtes en die altare afbreek wat in die pad staan dat hulle God se eiendom kan wees.
 - Hulle kan en mag net hulle Eienaar aanbid, nie ander gode nie.
 - En God beloof – As Jakob afstand doen van die afgode, sal daar versoening wees, sal daar genesing wees en sal daar herstel wees.
 - Die versoening is egter nie net omdat Jakob sy altare gebreek het nie.
- Die belofte van Christus as die ware wingerdstok word reeds bevestig
 - Christus is herstel as die wingerdstok deur sy opstanding

- Ons is nie meer die wingerdstok nie, maar die lote
 - Ons dra nou vrug deur Christus
 - Christus is vir ons die herstelde wingerd.
 - Deurdat hy die wingerd is, en ons in hom, kan ons ook nou die vrug dra.
 - Nie suur duiwe nie, maar vrug wat die Here verheerlik.
 - Christus bevestig dit met die woorde van Joh. 15:5:
 - *Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.*
- Die wingerd getuig van God se seën
 - Ons sal weer die verbondsbeloftes van die Here ervaar
 - 'n Gesonde wingerd was 'n simbool gewees van vrede en God se seën.
 - En deur die herstel kan ons sien dat die Here nie sy seën terugtrek nie.
 - Ons sal nie net die seën beleef van God se beloftes nie.
 - Ons sal self ook die vrug en die wyn wees van God se herstel.
 - Ons sal ook die seën wees vir ander.

Vereer die Eienaar deur die vrug te dra

- God maak die wingerde skoon deur die dorings en distels uit te roei
 - God is deurlopend met die skoonmaakproses besig
 - Soos Israel, is ons afgode ook die oorsaak van die skoonmaak.
 - Ons plaas baie dinge in die plek van God wat maak dat ons God nie deur ons dae verheerlik nie.
 - Ons opsessies met sosiale media en wat die wêreld van ons dank, rassitiese aanmerkings wanneer politieke onsekerheid dreig, geldgierigheid wanneer die ekonomie selfs verder begin druk.
- 'n Wingerd wat versorg word dra vrug.
 - Die vrug en die wyn reflekteer teenoor die wynmaker
 - Ons getuig deur ons werke.
 - Die vrug wat ons dra wys vir die wêreld wie God is.
 - Ons is die getuie van God se versorging en oorwinning.
- Die wingerd word herstel om God te verheerlik.
 - Die Heilige Gees werk in ons dat ons daagliks al meer herstel word om meer en meer te getuig deur ons werke.
 - Die Heilige Gees help ons dat altare en afgodspale rondom ons afgebreek word sodat God verheerlik kan word deur ons woorde en ons dae.
 - 'n Gesonde wingerd is 'n teken van vrede, sekuriteit en seën.
 - Tog is ons geneig om hierdie vrede, sekuriteit en seën in hierdie wêreld en in hierdie tyd te soek.
 - En die wêreld is so dikwels besig om hierdie idee by ons te skep dat voorspoed vir ons almal beskore is in hierdie lewe.

- Maar so skep ons weer net nuwe afgode van rykdom en voorspoed en verwerp ons weer die Eienaar van die wingerd.

Slot:

- God het ons herstel om sy volk te wees.
 - Hy ons gebroke, platgetrap en hopeloos uit die sonde en die dood uitgeruk, om herstel te word.
 - Nie sodat die eer ons toekom nie, want ons het nie di eherstelwerk gedoen nie.
 - Ons is as lote in die ware wingerd ingeënt sodat ons vrug kan dra tot eer van die Here.
 - Sodat die oes afgehaal kan word op die tyd wat God goed dink sodat Hy tot in ewigheid verheerlik kan word.